Geagte Teler 6 Julie 2010

Die Raad het op 25 & 26 Mei 2010 ‘n vergadering gehou waarop die volgende punte bespreek is en onder u aandag gebring moet word:

- Die kern funksie van die Genootskap is administrasie en registrasies (by SA Stamboek) en verloop oor die algemeen baie bevredigend.
- Ons finansiële posisie en prosedure is baie gesond en veilig, deels te danke aan die goeie samewerking van ons lede. Baie dankie.
- Ons jaarlikse inspeksies is omtrent almal reeds afgehandel. Baie dankie aan al ons inspekteurs vir hul tyd en moeite met die voltooiing van hierdie belangrike funksie. Aansoeke vir volgende jaar se inspeksies sal binnekort uitgestuur word en ons versoek dat u asseblief so gou as moontlik hierop sal reageer sodat die beplanning vir volgende jaar vinniger en beter gedoen kan word.
- Ons algemene gevoel is dat ons getalle (diere) besig is om te styg en ons, as telers, groter verantwoordelikheid moet neem deur strenger seleksie binne ons kuddes toe te pas. Veilings uitslae toon dat beter diere, beter pryse behaal en dit dui op ‘n positiewe tendens.
- Ons poog om die profiel van verkope onder die beskerming te verhoog deur die reproduksie skuiwergat nouer te maak en deur ‘n advertensie veldtog te loots wat kopers aanmoedig om hul diere eerder onder die beskerming van die Genootskap te koop en te verkoop, en sal voortaan strenger wees met die toepassing van die vereistes vir Skedule G wat geld vir sulke verkope.
- Ons is ook tans in die proses om die reëls rondom semen en embrio spoeling, soos vervat in Skedule X & Y, te hersien. Ons hoop om dit binnekort te finaliseer en beskikbaar te hê.
- Bewysse toon dat die grootste groei area huidiglik in die nie-geregistreerde sektor is en dat “kommersiële telers” geweldig toe neem. Dit is die verantwoordelikheid van al ons geregistreerde telers om hierdie ontwikkeling te ondersteun op ‘n plaaslike vlak omdat hul (kommersiële telers) die basis van ons industrie vorm.
- Die LNR het aangebied en is bereid om historiese data (laaste 5 jaar) op te neem vir die doel van prestasie toetsing. Ons moedig al ons telers, wat nog nie aan hierdie skema behoort nie, ten sterkte aan deur gebruik te maak van hierdie geleentheid en deel te neem aan die Vleisbees Prestasie Aantekenings skema. Telers word aangeraai om te registreer en hul eie akkurate rekords in te stuur. Dit sal ‘n aanwins en ‘n voorsprong wees teenoor akkurate prestasie inligting in u eie kudde. Selfs al is dit nie verpligtend in ons beleid nie, moedig ons u ten sterkste aan om aan die skema deel te neem. Die minimum vereiste is die instuur van u koei en kalf gewigte tydens speen, wat meeste van u in elk geval doen. Sien meegaande brief en kontak besonderhede.
- Die IDC-befondsing vir die Provinsiale Nguni Ontwikkelings Trusts het aan die einde van hul aanvanklike kontrak periode met die IDC gekom. Hulle het ‘n baie belangrike rol in die uitbreiding van die Nguni industrie gespeel asook by die vestiging van deelname van opkomende boere in die beesbedryf. Ons sal voortgaan om steun te werf vir die hernuwing van hierdie befondsing, maar is ook gewaarsku dat ons hierdie befondsing nie as vanselfsprekend moet aanvaar nie. Ons is in gesprek met die IDC met die oog op die hernuwing van die befondsing,

gegrond op die groot sukses van hierdie projekte en die IDC se bereidwilligheid om verdere finansiële begunstigde projekte te loods. Ons sal u op hoogte hou van enige betekenisvolle verwikkelinge in die verband.

- Ons vergelykende swak omkeer tye vir die regstelling van registrasie foute (by SA Stamboek) toon dat daar swak administrasie by van ons telers is, in vergelyking met die ander Genootskappe. Ons moet asb dadelik reageer op enige foutelys wat ons ontvang aangesien dit ‘n administratiewe blokkering veroorsaak wat tyd mors en wat ‘n swak beeld op die Genootskap weerspieël.
- Die kantoor kry steeds versoeke vir laat geboortes ten spyte van ons poging om hierdie slegte gewoonte te ontmoedig. Ontwikkel asseblief u eie sisteem wat sal verseker dat u al u geboortes betyds (voor 90 dae na geboorte) sal indien by SA Stamboek. Die kantoor sal strenger optree tydens die hantering van hierdie versoeke. Laat geboortekennisgewings bevraagteken en benadeel gewoonlik die integriteit van ons data.
- Daar word gepoog om binnekort die lede opleiding te hersien en verbeterde opleidingsmateriaal te ontwikkel vir hierdie doel.
- Die afgelope tyd is daar ‘n groeiende aantal navrae ontvang in die verband met pogings van die lewende hawe agente om minder te betaal vir Nguni speenkalwers. Die Raad se reaksie hierop is om ‘n volledige ondersoek in die verband te doen. Ons poog om formele navraag aan voerkrale te rig, hernude voedingsproewe in samewerking met die industrie en te kyk na voorstelle vir ander alternatiewe markte vir speenkalwers. Ons is van opinie dat hierdie ‘n deeglike en tydsame proses gaan wees. Intussen stel ons voor dat diegene wat hierdeur geraak word ander agente of markte sal nader en ook om hierdie insidente aan die kantoor (Elmarie) te rapporteer sodat ons meer inligting kan bymekaar maak. Laat weet ook die kantoor van enige voerkrale of agente wat nie teen ons kalwers diskrimineer nie.
- Opregte dank en waardering aan Naledi Roberts vir haar poging met die samestelling van ons uitstekende 2010 Joernaal. Dit bring ons aan die einde van Naledi se vier jaar termyn vir die samestelling van die Joernaal. Ons almal stem saam dat haar pogings ‘n betekenisvolle rol in die bevordering van ons ras gespeel het. Wel gedaan!
- Baie dankie aan Barry & Naledi Roberts, Hannes du Toit, Ben & Marguerite Fyfer, Jaap Mostert, Chris Fourie, Archie du Plessis en al die ander persone wat behulpsaam was by die suskesvolle NAMPO stalletjie.
- Mnr Graham Hallowell in samewerking met die Genootskap het betekenisvolle vordering gemaak met die hantering van ons databasis (oorskrydings diere). Dit was ‘n groot taak wat ‘n effek op ‘n groot aantal van ons telers gehad het. Daar is by baie van u diere gekanselleer a.g.v van hierdie skoonmaak van die databasis en ons vra dat u dit in die lig moet sien as regverdige, korrekte en akkurate toepassing van ons ras standaarde. Waar u nie saam stem met ons besluit om sekere diere te kanselleer nie, bly dit u reg om ons skriftelik te kontak in die verband. U moet onthou dat dit nog steeds u as teler se verantwoordelikheid is om seker te maak dat u diere voortdurend aan die ras standaarde voldoen. In die verlede is te veel diere verkeerdelik deur die sisteem aanvaar a.g.v. onvoldoende programmering. Hierdie oefening sal ons meer akkurate inligting gee en ons ‘n leier maak met die integriteit van ons data. In die toekoms sal soortgelyke oefeninge op ‘n kwartaallikse basis uitgevoer word om die geloofwaardigheid van ons data te onderhou.

Nguni Groete

Kevin Watermeyer
President: Nguni Beestelersgenootskap